

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4 BOEKHOU

20 FEBRUARIE 2013

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate kry 15 minute om die vraestel deur te lees voor hulle begin skryf. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. By beantwoording van vrae moet die betrokke inskrywings duidelik geïdentifiseer, omskryf en uiteengesit word.
3. Afsonderlike besigheids- en trustkasboeke, asook kliëntegrootboekrekeninge moet geopen word en moet nie gekombineer word nie. Joernaalinskrywings moet behoorlik beskryf en geïdentifiseer word.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling in hierdie deel ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en sal hierdie deel drup.

ATTORNEYS' EXAMINATION

PART 4 BOOKKEEPING

20 FEBRUARY 2013

14:00-16:15

Total: [100]

Candidates are allowed 15 minutes to peruse the paper before starting to answer the questions. No candidate may start writing in the answerbook during this period. The examination of 2 hours then follows.

1. Candidates may use calculators.
2. In answering the questions you should ensure that the relevant entries are clearly identified, narrated detailed.
3. Separate business and trust cash books and clients' ledger accounts must be opened and are not to be combined. Journal entries must be properly identified and narrated.
4. Please write only in pen on the right-hand pages.
5. Except if a special reason exists, a candidate will not be required to do an oral in this part if 50% or more is attained. If a candidate achieves less than 40% he/she will not qualify for an oral and will have failed this section.

VRAAG 1 [35]

U klient Jabu gee u 'n deposito van R5 000 kontant ter dekking van u fooie en uitgawes in die ondervermelde sake:

1. Invorderingszaak
 - Roger is verskuldig 'n bedrag van R6 489 aan Jabu en u is opdrag gegee om dit in te vorder. U betaal die opsporingsagent R300 en u hef 'n aanmaningsfooi van R200.
 - Roger betaal R2 000 af op die skuld.
 - U hef 'n invorderingsfooi van 10%.
2. Registrasie van maatskappy
 - U hef 'n fooi van R3 000 vir die registrasie van 'n maatskappy Impala Trading (Pty) Limited.
3. Egskeidingszaak
 - U betaal die advokaat R1 500.
 - U betaal R3 420, wat BTW van R420 insluit, aan 'n deskundige vir 'n finansiële ondersoek verslag.
4. Jabu betaal die bedrag verskuldig deur hom, aan u.

U word gevra om:

- Al die voormelde transaksies in u rekeningboeke aan te teken.
- Voorsiening vir BTW te maak teen 14% waar van toepassing;
- Net een oorplasing te maak;
- Verreken volledig aan Jabu deur 'n rekeningstaat op te stel.

QUESTION 1 [35]

Your client Jabu pays you a deposit of R5 000 to cover your fees and disbursements in the undermentioned matters:

1. Collection matter
 - Roger owes Jabu R6 489 which you are instructed to collect. You pay a tracing agent R300 and charge R200 as a letter of demand fee.
 - *Impala* Jabu pays R2 000 of the debt;
 - You charge a collection commission of 10%.
2. Registration of company
 - You charge R3 000 ^{VAT!} for the registration of a company Impala Trading (Pty) Limited.
3. Divorce matter
 - You pay Counsel R1500; ✓
 - You pay R3420, which includes Vat of R420, to an expert to report on a financial investigation.
4. Jabu pays you the outstanding amount due by him.

You are required to:

- Record all of the above transactions in your accounting record;
- Make provision for Vat at 14% where applicable;
- Make only one transfer;
- Account fully to Jabu by preparing an accounting statement.

VRAAG 2 [35]

U ontvang R15 000 kontant van u kliënt Barney ter dekking van u fooie en uitgawes in sy egskeidingsaak. U gee opdrag aan 'n advokaat en betaal sy fooi van R6 000.

U tree ook op vir Sid in sy egskeidingsaak en ontvang R24 000 in kontant om u fooie en uitgawes te dek. U gee opdrag aan 'n advokaat en betaal sy fooi van R3 000.

In Barney se saak hef u 'n interim fooi van R18 000 en u dra die bedrag waarop u geregtig is, oor na u Besigheidsrekening.

Met nasiening van u leër, merk u dat u 'n fout gemaak het deurdat die fooi van R18 000 teen Sid se saak gehef moes gewees het en nie Barney nie.

U word gevra om:

- Die bovermelde transaksies in u rekening boeke aan te teken;
- Enige regstellings wat u nodig ag, te maak;
- U Trustverpligtings teenoor Barney en Sid uiteen te sit;
- Aan te dui of u voldoende Trustfondse hou ter dekking van sodanige Trustverpligtings.

Geen voorsiening vir BTW is nodig nie.

VRAAG 3 [30]

U verteenwoordig 'n Mev Eagle in 'n eiendoms-transaksie. Sy gee u opdrag om 'n koopkontrak op te stel ingevolge waarvan sy haar eiendom aan Mnr Hawk verkoop vir R7 500 000, wat soos volg betaalbaar is:

QUESTION 2 [35]

You receive R15 000 in cash from your client Barney to cover your fees and disbursements in his divorce matter. You brief Counsel and pay his fee of R6 000.

You are also acting for Sid in his divorce matter and receive R24 000 in cash as a deposit to cover your fees and disbursements. You brief Counsel and pay his fee of R3 000.

In Barney's matter you charge an interim fee of R18 000 and transfer the amount you are entitled to, to your Business banking account.

On scrutinizing your files you realize that you have made an error and that the fee of R18 000 should have been charged to Sid's matter.

You are required:

- To record the above entries in your accounting records;
- Make whatever adjusting entries you consider necessary;
- Indicate what your Trust liabilities are to Barney and Sid and
- Indicate if you are holding sufficient funds to cover such liabilities.

No provision needs to be made for VAT.

QUESTION 3 [30]

You act for Mrs Eagle in a property transaction. She instructs you to draw a sale agreement in terms of which she sells her property to Mr Hawk for R7 500 000, payable as follows:

1. 'n Kontantdeposito van R1 500 000 wat in trust gehou moet word totdat oordrag geneem word.
2. Die balans word verseker deur 'n eerste verband van R5 000 000 ten gunste van 'n bank en 'n tweede verband van R1 000 000 ten gunste van u ander kliënt, Mnr Owl.

Die ooreenkoms bepaal dat die koper die oordragskoste, insluitend hereregte en verbandkoste van R50 000 sal betaal, terwyl die koste van R5 000 verbonde aan die opstel van die ooreenkoms gelykop verdeel sal word.

Op 4 Februarie 2012 teken die partye die ooreenkoms en Mnr Hawk gee u twee tjeks ter waarde van R1 500 000 en R52 500 vir onderskeidelik die deposito, die pro forma-koste en sy deel van die koste verbonde aan die opstel van die ooreenkoms.

Op 5 Februarie 2012 word die hereregte van R35 000 betaal.

Op 8 Februarie 2012 stel u bank u in kennis dat Mnr Hawk se tjek van R1 500 000 betaal is maar dat die tjek van R52 500 onteer is.

Op 9 Februarie 2012 betaal Mnr Hawk u R52 500 in kontant.

Op 10 Februarie 2012 lewer die bank se transportbesorgers 'n waarborg aan u vir R5 000 000.

U hou die saldo van die koopsom, te wete R1 000 000, in trust vir Mnr Owl.

Op 15 Februarie 2012 word die oordrag en verbande geregistreer. U verreken aan Mev Eagle en sluit 'n bedrag van R2 500 in as synde haar helfte van die kostes vir die opstel van die ooreenkoms.

1. A cash deposit of R1 500 000 to be held in trust pending transfer.
2. The balance to be secured by a first mortgage bond in favour of a Bank for R5 000 000 and a second mortgage bond in favour of your other client, Mr Owl, for R1 000 000.

The agreement provides for the conveyancing costs including transfer duty and bond costs of R50 000 to be paid by the purchaser and the costs of drawing the agreement of R5 000 to be shared equally.

On 4 February 2012 the parties sign the agreement and Mr Hawk gives you two cheques for R1 500 000 and R52 500 being the deposit and pro forma costs, and his share of the agreement costs.

On 5 February 2012 transfer duty of R35 000 is paid. ✓

On 8 February 2012 your bank advises you that Mr Hawk's cheque for R1 500 000 has been paid but the cheque for R52 500 has been dishonoured.

On 9 February 2012 Mr Hawk pays you R52 500 in cash. ✓

On 10 February 2012 the Bank's conveyancers give you a guarantee of R5 000 000.

You hold the balance of the purchase price of R1 000 000 in trust for Mr Owl.

On 15 February 2012 the transfer and bonds are registered. You account to Mrs Eagle and include an amount of R2 500 for her half share of the costs of the agreement.

U moet die bogemelde transaksies in die kasboeke, grootboeke, foiejoernaal en oordragjoernaal aanteken. Geen voorsiening moet gemaak word vir BTW nie.

You are required to record the above transactions in the cash book, ledgers, fees journal and transfer journal. No provision is to be made for VAT.

DIE EINDE

THE END